# Mont Rochelle - 2025

| ROETE: | Perdekop | DATUM: | 19 Julie 2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Saterdagoggend het 4 van ons by die Mont Rochelle reservaat in Franschhoek bymekaargekom. Gelukkig was dit darem nie te koud soos ander jare nie. Ons het 7:30 begin stap. Ons het n vinnige 3min stop geneem by Breakfast Rock. Die uitsigte was pragtig en geen mis. Daarna stap ons tot bo-op die nek waar ons rustig tee gedrink het. Perdekop lê 1575m bo seevlak en is die hoogste piek in die reservaat. Ons het geen sneeu oppad gekry nie - net water wat ge-ys het - ons het lekker fotos geneem en heerlik gelag. Ons het die piek teen middagete bereik, ongelukkig was daar ook geen sneeu. Die afstap neem ongeveer 3ure tot by die bruggie wat oor die DuToits-rivierkloof strek. Dit was nogal veeleisend! Teen 15:50 was ons by die motors. Heerlike stap en goeie oefening. Beulagh se: " Vandag weer besef, dat om stapfiks te wees, moet mens maar net gereeld in die berg stap". Baie dankie aan Werner wat die stap eersteklas gelei het.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 072/2025 | 15 | 1036 | |
| Werner Booyens | 071/2025 | 15 | 1036 | |
| Beulagh Keulder | 051/2025 | 15 | 1036 | |
| Magda le Roux | 124/2025 | 15 | 1036 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **60** | **4144** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | n/a |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Brenda Sideratos |
|---|---|